# RYK SCHOONRAAD REEKS

## 3. Die Rooi Klippies van Tandberg



MEIRING FOUCHE

# DIE ROOI KLIPPIES VAN TANDBERG

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2021

# Die Rooi Klippies van Tandberg

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die eerste uitgawe. Hierdie e-boek is die tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word, sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

**DIE ROOI KLIPPIES VAN TANDBERG**
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-54-4

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Geredigeer deur Pieter Haasbroek
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: http://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Om jou hotelkamer se deur oop te maak en ’n bakkopslang dreigend voor jou orent te sien staan, sal vir geen mens ’n aangename ondervinding wees nie selfs al is dit op die voorposte van die beskawing.
Dit was een van die eerste ondervindings van die aantreklike Roelien van der Spuy toe sy op die grensdorpie Graskolk aankom op soek na haar vader wat in hierdie woeste wêreld spoorloos verdwyn het.
Ryk Schoonraad, ’n jong boer op die voorposte, merk ook sommer dadelik aan die kroegvlieë se reaksie dat hier een of meer skuldiges in die onmiddellike omgewing is, en hy besluit dadelik om ’n handjie by te sit...

# UITTREKSEL

Ryk sit sy beker neer en stap reg op Broeksema af. Hy klap Broeksema hard teen sy skouer. “Los die meisie, Broeksema.” Maar Broeksema is so besig om die worstelende meisie te probeer onderwerp, dat hy dit skynbaar nie hoor nie, of hom nie aan die bevel steur nie. “Los die meisie, Broeksema!” skreeu Ryk Schoonraad.

Maar vergeefs. Broeksema is op die punt om Roelien se lippe te verower en skynbaar weet hy nie eens wat om hom aangaan nie. Ryk gryp vir Broeksema met die linkerhand aan sy skouer, gee hom ’n geweldige pluk en toe Broeksema sy kop draai, slaan Ryk hom ’n kort, vinnige hou skuins teen die kinnebak sodat Broeksema se kop hewig ruk. Ryk het Broeksema se greep skoon los geslaan.

Ryk sien hoedat die man se hand na sy rewolwersak glip. Daarom slaan hy hom ’n harder hou in sy gesig. Hierdie keer sit hy al die krag van sy groot bolyf agter die hou en pleks dat Broeksema sy rewolwer uitgeruk kry, knak sy bene onder hom en syg hy teen die drinkbank neer. Hy val daar soos ’n os wat geskiet is en die wêreld kantel en draai met hom. Ryk ruk hom orent, gryp hom agter sy nek en aan die broek se sitvlak en dryf hom na die deur. Toe slinger hy hom uit in die straat.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Vreemde Besoekster

2. ’n Gil

3. Sluipende Dood

4. ’n Ou Man se Vrees

5. Oorlogsverklaring

6. Lekkende Vlamme

7. Bron van sy Rykdom

8. Skokkende Ontdekking

9. Verbete Stryd

10. Die Lokaas

11. Dag van Beslissing

# DIE ROOI KLIPPIES VAN TANDBERG

## Hoofstuk 1
## Vreemde Besoekster

Dit is warm en vervelend in die klein kroeg op Graskolk, die klein voorgrensdorpie naby die punt van die Tandberg in die woeste, verre noordelike Kaapkolonie.

Die manne wat daar staan, waai na die vlieë en drink hul drank. Die hoede is agter op die beswete koppe gestoot en daar word nie veel gepraat nie, want dit is byna te warm om te praat.

Vandag se beesvendusie is agter die rug. Die veerwaens, die netjiese spaaiders, die ruiters het omtrent almal vertrek. Die opwinding is verby. Die afleiding wat so ’n vendusie altyd meebring, is iets van die verlede en net die plaaslike manne is oor. Gewoonlik weet hulle dan nie wat om met hulself aan te vang wanneer so ’n afleiding agter die rug is nie.

In sy geskiedenis het Graskolk nog net een groot voorval gehad. Drie jaar tevore. Maar selfs die voorval is al byna vergete.

Die manne kyk skaars op toe hulle die geknars hoor van die twee klein swaaideure waardeur ’n mens die kroeg binnekom. Hulle draai nie eens die koppe toe hulle die vinnige voetstappe op die plankvloer hoor nie.

Maar toe Kraai Hanekom hier tussen hulle kom inbars en sy aankondiging doen, toe word die koppe gedraai en toe kom daar die lig van belangstelling in die oë.

“Kêrels,” sê Kraai Hanekom. “as julle ’n ding wil sien, kyk uit in die straat.”

“Wat is dit ?” word oor en weer gevra. Die eerste indrukke wissel van ’n besoek deur ’n verdwaalde leeumannetjie of ’n aanval deur die wilde boesmans of dalk ’n groot slang wat in die hoofstraat afgeseil kom.

“Wat is dit, Kraai?” vra Basie Broeksema, ’n groot, grofgeboude man met twee yslike skouers en ’n nek soos die skof van ’n Afrikanerbul.

“Nee,” sê Kraai Hanekom geheimsinnig, “gaan kyk maar liewer self.”

So ’n uitnodiging is darem vir die manne te veel. Hulle voel-voel aan die kolwe van die pistole toe hulle soos een man van die drinkbank af wegdraai en hulle na die venster haas. Party gaan voor die venster stelling inneem en ander gaan loer oor die twee klein swaaideure wat nog heen en weer wikkel na Kraai Hanekom se vinnige intog.

Die manne word stil toe hulle sien wat Kraai Hanekom se belangstelling so gewek het. Dit is voorwaar ’n gesig van die gesigte af. Dit is ’n toneel wat ’n mens seker een maal in twintig jaar hier op Graskolk sien.

Dit is ’n ruiter wat in die een straat van Graskolk opgery kom. Dit is ’n spoggerige dier daardie ’n bleek sweetvos met byna spierwit maanhare. ’n Kopspeler wat sy pote hoog en deftig lig. Sy nek is krom en sy breë kruis bleek in die sonlig. Dit is ’n besonderse perd soos ’n mens selde sien. ’n Dier wat elke voorgrensboer sal bewonder. Maar hulle kyk net baie vlugtig na daardie swierige perd. Dis eintlik die ruiter wat hul aandag trek.

Want die ruiter is ’n vrou. Sy sit gemaklik in die groot Engelse militêre saal. Sy het ’n rybroek aan soos ’n man. Dit op sigself is vir hierdie manne iets besonders want dis

nie iets wat ’n man aldag in die kontrei sien nie. Op haar gitswart hare wat in ’n netjiese bolla agter haar kop vasgevang is, pryk daar ’n oulike hoed met ’n groot rand en wat hulle nog die meeste opval is die twee lang skedes weerskante van die saalknop. Hulle sien die geweerkolwe daar uitsteek. Hulle sien die bandelier om haar lyf en hulle sien die pistool hier langs haar swaai.

Sy sit daardie perd soos ’n man hom sou sit.

“Soetland, soetland,” sê oom Gerrie Volgraaff. “Maar sy kan hom ry. Sy ry hom soos ’n man.”

Die ander bly woordeloos totdat die ruiter hier voor die hotelletjie viets uit die saal swaai en haar perd aan die halter reling vasmaak. Die manne hyg feitlik na hul asem. Sy is kleinerig maar solied en stewig gebou. Sy is ’n pragtige mens. Sy lyk so opreg soos haar ryperd. Haar hare is blouswart, haar oë byna purper en haar vel diepbruin soos ou heuning uit die krans.

Sy kyk ’n bietjie rond en dit lyk asof sy alles, omtrent alles, op Graskolk met haar wakker oë opneem.

En toe trippel sy die trap op, skuif haar swaaiende pistool reg en kom reg op die swaaideurtjies af.

Kroegman Bart Saaiman is die eerste een wat omsit. Met sy koddige vet lyf draf hy agter sy drinkbank in. Die ander manne spat uitmekaar en haas hulle terug na hul staanplekke daar voor die krip. Dit sal darem te aardig lyk as hierdie vreemde besoekster binnekom en hulle staan almal soos ’n klomp swaksinniges daar voor die venster en voor die deur.

Om alles nog meer realisties te maak, neem die meeste van hulle hul glase op en maak asof hulle van geen sout of water weet nie.
Sy kom vinnig binne sodat die deurtjies knarsend heen en weer swaai. Sy pyl af op die hoek van die drinkbank. Sy kyk nie na links of na regs nie, en toe Bart Saaiman hom weer kom kry, staan hy blosend voor hierdie pragtige nooi wat hy omtrent twee-en-twintig jaar oud takseer.
“Verskoon my, dame,” sê Bart, “maar u weet vroumense word nie eintlik in die kroeg toegelaat nie.”
“Moenie jou broek verloor nie,” sê sy, haar stem sterk en indringend, byna bevelend. “Ék het nie gekom om te drink nie. Al wat ek nodig het, is ’n beker water en dan wil ek graag ’n paar woorde praat.”
Die ander het uitgebars van die lag toe sy vir Bart so fyn vat. Maar toe sy skielik na hul kant toe kyk, swyg hulle soos ’n klomp kwaaijongens wat betrap is.
Bart is so uit die veld geslaan dat hy nie mooi weet vorentoe of agtertoe nie. Hy skep ewewel vir haar ’n beker water uit die drinkvat en kom oorhandig dit aan haar.
Sy haal haar harde hoed af, sit dit op die drinkbank neer en die manne wat haar aanstaar, sien hoedat haar swart hare glinster en lewe. Sy drink die water, toe sit sy die beker neer en kyk na die manne. Sy kyk hulle een vir een deur asof sy hulle opsom, asof sy die beeld van elkeen in haar binneste wil graveer om dit nie weer te vergeet nie. Veral kyk sy lank en aandagtig na die lenige, frisgeboude wakker kêrel wat heel anderkant staan. Sy donker hare en sy helderblou oë interesseer haar. Sy intelligente gesig het op haar skynbaar ’n indruk gemaak.